

4 Januarie

**Skrifgedeelte: Psalm 104:6-17**

**Fokusgedeelte: Psalm 104:16 (1983-vertaling)**

### **“Klein” dingetjies in God skepping (2)**

Elkeen van ons het elke dag, elke oomblik van ons lewe met hulle te doen – die bome. Ons sien hulle dalk nie raak nie, dink nie aan hulle nie. Ja, vir baie is dit maar een van die klein dingetjies. Ons verbind hulle nie aan God wat hulle geskep het nie (Gen. 1:12). Daarom sal hulle, sonder om te dink, bome uitkap, bosse uitroei. En tog, sonder hulle sou ons nie kon leef nie.

Die hele Psalm 104 is die lied van die skepping. Vers 16 praat van *die bome van die Here*, want Hy het hulle geskep. Hy onderhou hulle egter ook, gee aan hulle water – nie net om daar te staan nie, dis met 'n doel. Dit is mos hulle wat koolsuurgas in suurstof omskep, sodat ons kan asemhaal en lewe. 'n Lewe sonder suurstof is 'n doodgaan-lewe! Hulle is egter *die bome van die Here*. Hy het hulle gemaak – in hulle soorte, volgens geaardheid, groots, wonderlik. Ja, sodat dit sy majesteit roem, sy grootheid ver en wyd verkondig.

Hy blaas die asem van die lewe in die mens (Gen. 2:7), maar hier op aarde is die plante en bome die draer, verskaffer van hierdie asem. O, buig in aanbidding voor hierdie groot God! Sê soos die digter van Psalm 104: *Here, my God, U is baie groot. Met majesteit en heerlijkheid is U beklee* (vs. 1).

Dit reik egter nóg verder. Vers 14: *U laat gras uitspruit vir die diere*. Gras, ja, maar ook die bome gee kos. God sorg nie net in die somer vir sy diere nie, maar ook in die winter. Die blare van daardie bome is ook winterkos. As dit groen daar sit, word dit afgevrete, maar ook as dit afval, word dit opgetel. Daar is bome waarvan die voedingswaarde verdubbel as die blare afval (bv. die mopanie). So sorg ons God – ook vir ons in 2013.

*Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!*

Sing: Psalm 104:1, 10 (Totius)

Ds. LD Aucamp (Emeritus)